# GENEESKUNDE EN GESONDHEIDSWETENSKAPPE BIBLIOTEEK

## INTERAKTIEWE VLOERPLAN




| | |
|---|---|
| 9 | **SEMINAARKAMERS** |
| 10 | **DIGITALE RUIMTE EN E-KLASKAMER met STUDIEHOKKIES** |
| 11 / (i) | **NAVORSINGSRUIMTE / TELEKONFERENSIE-SEMINAARKAMER**<br>Drukwerk<br>Skandering<br>Rekenaararea<br>Navorsingsonder-steuning |
| 12 | **VIDEO-KONFERENSIE-KAMER** |

| | |
|---|---|
| 1 | **UITLEEN**<br>Uitreikings Terugbesorgings Hernurwings Besprekings Interbiblioteeklenings |
| (i) | **INLIGTINGSDIENSPUNT** |
| 2 | **VOORPORTAAL**<br>Ontmoetingsarea<br>BYOD |
| 3 | **SITKAMER-AREA**<br>Drukwerk<br>Skandering<br>Rekenaararea |
| 4 | **FAKULTEITSBIBLIOTEKARISSE**<br>Gespesialiseerde inligtingsdiens vir Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe |
| 5 | **VERSAMELINGS**<br>Naslaan & Kortleen |
| 6 | **UITSTALLINGS: NUWE BOEKE; GEDRUKTE TYDSKRIFTE; KOERANTE; CD/DVDs; ANATOMIESE KAARTE** |
| 7 | **TYDSKRIFTE** |
| 8 | **BOEKE STIL STUDEERAREA** |

library.sun.ac.za

# Inligtingsdienspunte

## Uitleentoonbank Algemene Inligtingsdienspunt

Biblioteekpersoneel verleen hulp met algemene inligtingsoektogte en beantwoord inligtingstegnologie-verwante navrae by hierdie dienspunt. Biblioteekpersoneel kan studente en personeel verwys vir gespesialiseerde inligtingsdienste.






## Navorsingsruimte Inligtingsdienspunt

Magister- en doktorale studente kan navorsingsverwante, algemene en tegniese navrae rig aan die bibliotekaris in die Navorsingsruimte.

## Voorportaal

Die Voorportaal is ‘n sosiale bymekaarkom-area met trapsitplekke wat toegerus is met kragproppe vir elektroniese toerusting (BYOD).

Studente en personeel van Universiteit  Stellenbosch kan kommentaar op die beskikbare witborde skryf.





# Sitkamer


Kortleen-materiaal wat volgens die National Library of Medicine se klassifikasiestelstel gerangskik is, is hier beskikbaar. E-Naslaan vir Geneeskunde is ook beskikbaar.

Doserende personeel, raadpleeg asseblief die riglyne vir Reserwe.




## Uitstallings in die sitkamer

Nuwe boeke;
Nuutste tydskrifuitgawes in papierformaat;
Multimediamateriaal: CDs, DVDs en anatomiese kaarte; Twee daaglikse koerante.




# Digitale ruimte en E-klaskamer

Die Digitale ruimte en E-klaskamer is ’n leerarea vir studente. Dis toegerus met rekenaars en daar is studeerhokkies (booths), asook informele sitplek-, studie- en skootrekenaarareas.

‘n Studente- of personeelkaart van die US word benodig om toegang te verkry tot die Digitale ruimte en E-klaskamer.

Die hoofdoel van die Digitale ruimte en E-klaskamer is om as ’n kliënte-opleidingsfasiliteit deur biblioteekpersoneel gebruik te word. Die fasiliteit kan gebruik word vir groepopleidingsessies vir geregistreerde studente en personeel van die Universiteit Stellenbosch.



# Digitale ruimte en E-klaskamer studeerhokkies

Die ses studeerhokkies en die individuele stilstudie area die Digitale ruimte en E-klaskamer is gedurende alle ure wat die GGW Biblioteek oop is, gratis beskikbaar vir studente en personeel van die Universiteit Stellenbosch.

Elke studeerhokkie in die Digitale ruimte en E-klaskamer is toegerus met ‘n tafel en banke, asook ‘n plasmaskerm en ingeboude kragproppe vir e-toerusting (BYOD).



## Fakulteitsbibliotekarisse

Fakulteitsbibliotekarisse lewer gespesialiseerde inligtingsdienste vir die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe.



Hoof Bibliotekaris



Fakulteitsbibliotekarisse

Die kantore agter en langs die Uitleentoonbank huisves die Fakulteitsbibliotekarisse wat aan die studente en personeel van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe navorsingsteundienste, en onderrig en leerdienste kan bied.

**Besoek ons Biblioteekgidse vir meer inligting.**




## Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe

**Hoof Bibliotekaris** **tel:** 021 938 9365

[Yusuf Ras]

### Vakke

- Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe
- Dekaan en Vise-Dekane
- Sentrum vir Gesondheidsberoepe Onderrig
- Nagraadse kantoor
- Navorsingsontwikking- en ondersteuning
- Chirurgiese Wetenskappe
- Ukwanda

**Besoek ons Biblioteekgidse vir meer inligting.**



Fakulteitsbibliotekaris


## Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe

**Vakbibliotekaris** **tel:** 021 938 9450

[Kay Jacobs]


## Vakke

- Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe
- Gesondheids- en Rehabilitasie Wetenskappe: Spraak-, Taal- en Gehoorterapie
- Geneeskunde
- Patologie

**Besoek ons Biblioteekgidse vir meer inligting.**




## Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe

**Vakbibliotekaris tel:** 021 938 9367
[Alvina Matthee]

## Vakke:

- Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe
- Biomediese Wetenskappe
- Gesondheids- en Rehabilitasie Wetenskappe : Fisioterapie
- Mediese Beelding en Kliniese Onkologie
- Narkose en Kritieke Sorg

**Besoek ons Biblioteekgidse vir meer inligting.**



Fakulteitsbibliotekaris

**Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe**

**Vakbibliotekaris tel:** 021 938 9435

**Ingrid van der Westhuizen**

**Vakke:**

- Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe
- Gesondheids- en Rehabilitasie Wetenskappe: Arbeidsterapie
- Pediatrie en Kindergesondheid
- Psigiatrie
- Verloskunde en Ginekologie

**Besoek ons Biblioteekgidse vir meer inligting.**



Fakulteitsbibliotekaris

## Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe

**Vakbibliotekaris tel:** 021 938 9115

[Pamela Nyokwana]

### Vakke:

- Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe
- Huisarts- en Noodgeneeskunde
- Globale Gesondheid
- Geneeskunde
- Verpleeg- en Verloskunde

**Besoek ons Biblioteekgidse vir meer inligting.**

## Uitreiking

Materiaal kan hier uitgeneem of hernu word.
Gebruikers kan self die gidse vir uitleenvoorregte raadpleeg vir meer inligting.

My Biblioteekrekord

Die wakker akker wys jou hoe

Bespreek boeke wat uitgeleen is

Die wakker akker wys jou hoe

Leen boeke by ander biblioteke

Die wakker akker wys jou hoe

## Interbiblioteeklenings (Leen by ander biblioteke)

Materiaal wat nie by US biblioteke beskikbaar is nie, kan van ander Suid-Afrikaanse of internasionale instansies aangevra word. Gebruik hierdie vorm om items wat nie by enige van die US biblioteke beskikbaar is nie, aan te vra. Lees meer oor Interbiblioteeklenings.

## Reserwe

Die hoofdoel van die Reserwediens is om vir kort periodes toegang te verleen tot materiaal wat dikwels gebruik word. Oornag- en naweeklenings kan by die Uitleentoonbank gedoen word. Doserende personeel, raadpleeg asseblief die riglyne vir Reserwe.

## Biblioteekseminaarkamers



‘n Aantal seminaarkamers wat geskik is vir groepbesprekings is in die Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe Biblioteek beskikbaar. Alle studente, akademiese en administratiewe personeel aan die Universiteit mag die seminaarkamers gratis gebruik. Bespreek ’n seminaarkamer hier.

## Navorsingsruimte met Telekonferensieseminaarkamer



Magister- en doktorale studente van die Universiteit, navorsings-, akademiese en administratiewe personeel mag die Navorsingsruimte gebruik en die Telekonferensie-seminaarkamer bespreek.

Kontak jou bibliotekaris om die Telekonferensieseminaarkamer in die Navorsingsruimte te bespreek.

## Video-konferensiekamer



‘n Gratis videokonferensiediens is beskikbaar. Hierdie diens maak voorsiening vir nagraadse studente en navorsers om saam te werk met eweknieë by ander organisasies oor institusionele en internasionale grense heen.

Kontak jou bibliotekaris om die Video-konferensiekamer te bespreek.

## Navorsingsruimte

Die Navorsingsruimte in die Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe Biblioteek is 'n navorsingsomgewing gemik op eksklusiewe gebruik deur magister- en doktorale studente, akademiese personeel en navorsers aan die Universiteit Stellenbosch.

Dit is toegerus met rekenaars, werkstasies, toesluitkassies, ‘n telekonferensieseminaarkamer en areas vir gespreksvoering en ontspanning, asook druk-, fotokopieer- en skandeerfasiliteite.

Hulpverlening deur ‘n bibliotekaris in die Navorsingsondersteuningskantoor, asook ‘n toegewysde versameling boeke oor navorsingsmetodologie, ondersteun die navorsingsaktiwiteite van nagraadse studente en navorsers.  Die Navorsingsruimte in die Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe Biblioteek huisves ook ‘n klein historiese boekversameling.






## Rekenaars, drukwerk & koordlose toegang


**WINDOWS rekenaars** is beskikbaar vir inligtingsoektogte via die katalogus en elektroniese databasisse. Studente en personeellede van die Universiteit Stellenbosch kan met hul US kampus-netwerkgebruikersnaam en -wagwoord aanteken.




**DRUKWERK**

Studente en personeellede kan by enige 'secure pull print' drukker in die biblioteek druk, kopieer of skandeer deur hul studente- of personeelkaart te gebruik.



**INTERNET & KOORDLOSE TOEGANG**

Alle elektroniese toerusting (bv. skootrekenaar, selfoon, iPad, tablet) wat by die IT afdeling ($1^{ste}$ vloer, Kliniese Gebou) geregistreer is, sal in die Biblioteek koordlose toegang tot die kampusnetwerk verkry. Sien ook Koordlose toegang.


# VIND BOEKE

Gebruik SUNSearch (Biblioteekkatalogus) om die beskikbaarheid en raknommers van boeke vas te stel.

Gebruik die vloerplan om die boekrakke te vind en dan die aanwysings aan die kant van die rakke om die spesifieke rak te vind waarbinne jou boek se raknommer val. Die National Library of Medicine (NLM) klassifikasiestelsel word gebruik om raknommers te bepaal.

Vind boeke op SUNSearch

Die wakker akker wys jou hoe



# VIND TYDSKRIFTE

Gebruik SUNSearch (Biblioteekkatalogus) om die beskikbaarheid van gedrukte tydskrifte vas te stel.

Gebruik die vloerplan om die areas waar tydskrifte gehuisves word te identifiseer. Die laaste paar jaar van die gedrukte tydskrifte word alfabeties volgens die tydskrif-titel op die tydskrifrakke gerangskik. Gebruik die aanwysings aan die kant van die tydskrifrakke om die spesifieke rak te vind.

Kontak jou bibliotekaris vir verdere hulp om tydskrifte te vind.

Vind artikels op SUNSearch

Die wakker akker wys jou hoe



# VIND NASLAANMATERIAAL

Gebruik SUNSearch (Biblioteekkatalogus) om die beskikbaarheid en raknommers van naslaanmateriaal vas te stel.

Gedrukte naslaanmateriaal staan op die rakke in die sitkamer.

